WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 1 en 2 nooi almal uit
om na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** 680 280 002 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: (FNB) Potchefstroom. 627 805 92723

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
24 JANUARIE 2025

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 per hamburger. Worsbroodjies R 30
Daar sal nog geen pannekoek beskikbaar wees nie
want ons baasbakster is afwesig



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 1. Sondag 12 Januarie 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste:
Ouderlinge: Wyk 13 **Loffie Eloff** en Wyk 14 **Paul Schutte**
Diakens: Wyk 13 **Pieter Bouwsema** en Wyk 14 **Koos Nortjé**
Skinkbeurt: Wyke 1 en 2. Wyksusters Ina Roos en Malie Wyma

EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Samuel 19 (AFR'20).
Fokusverse: 1 Samuel 19: 23 - 24 (vgl. 1 Samuel 10:9-13).
TEMA: ***God red deur sy almag – dit is 'n troos, maar ook 'n waarskuwing om jou nie daarteen te verset nie.***
Sing: Skrifberyming 20 - 1: 1, 2, 6 (49); Psalm 19:1, 2; Psalm 19:6, 7; Psalm 2:1, 3; Psalm 61:1, 3, 5, 6.
Sing met meelewing: Psalm 27:4, 6.

AAND: Woordbediening: Romeine 9 (AFR'20).
Fokusverse: Romeine 9:22-23.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 15.
TEMA: ***Die eer van God word beklemtoon wanneer dit verkondig word dat sommige in die uitverkiesing verbygegaan is.***
Sing: Psalm 8:1, 2, 3, 4; Skrifberyming 2-2:1, 3 (34); Psalm 103:7, 8, 9; Psalm 103:10, 11; Psalm 134:1, 2, 3 (na die wegstuurseën)

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir Emeritaatsversorging
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week se Spesiale kollekte is vir die GKSA Sustentasiefonds

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Nelis Coetsee 061 563 3904 het Woensdag 'n CT skandering ondergaan nadat die kardioloog 'n verkalkte hartklep diagnoseer het. Toe die afkondigings voorberei is, het die dokter nog nie die uitslag met Nelis bespeek nie. Ons verseker Nelis en Dina van ons voorbidding; mag u deur die beplande behandeling lewenskwaliteit ontvang.

Japie van Jaarsveld 072 521 9813 het Donderdag 'n prosedure in Klerksdorp ondergaan. Ons vertrou dat Japie deur die behandeling lewens-kwaliteit mag geniet en verseker hom en Christa van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

Pollie Charleslund 072 623 7947 het die afgelope week uit haar woonstel in die Toringblok getrek en word nou in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan versorg. Ons verseker Pollie – en al ons broers en susters wat in die versorgingseenhede van die onderskeie tehuise is – van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Emmerentia Stoop het die afgelope week 'n prosedure in Mediclinic ondergaan. Dit het goed afgeloop en sy is weer terug in die Versorgingseenheid van Huis Anna Viljoen. Ons bid haar en haar dierbares krag en genade toe.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in Januarie 2025 hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Dag	Datum	Naam & van
Vr	17/01	**Zurich en Bianca Terblance** (10) 076 124 8895
Sa	18/01	**Willem en Ria Serfontein** (56) 082 458 2612

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	14/01	9:00	Telkommissie	Kerkkantoor
Do	16/01	18:30	Bedieningskommissie	Kerkkantoor
So	19/01	10:30	Katkisasie opening	Kerkgebou
		15:30	Erediens: Huis Eikelaan (ds Jannes)	Kapél
Di	21/01	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	22/01	18:00	Bybelstudie	Konsistorie
Do	23/01	18:30	Beplanningskommissie	Konsistorie
Vr	24/01	17:30	**GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI**	Kerkterrein
Di	28/01	08:00	Agendastukke vir kerkraadsvergadering	Kerkkantoor
Wo	29/01	18:00	Finansiële kommissie Begrotingsvergadering	Konsistorie

KATKISASIE	Sondag 19 Januarie
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Opening ná die erediens in kerkgebou
Katkisasie toesig (ouderlinge):	
Hoërskoolkatkisasie	

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 21 Januarie 2025 om 15:00
Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal welkom.
Woensdag 22 Januarie Bybelstudie om 18:00 in die konsistorie.

DOOPSBEDIENING:

Die sakrament van die doop word DV op Sondag 19 Januarie bedien aan **Alivia de Klerk**, dogtertjie van Andries en Monique de Klerk.

LOSMAKING:

Ouderling Danie Erasmus en ouderling Harm Stavast woon vanoggend die losmaking van ds. Hendrik Verryn as afgevaardigdes van die gemeente by die Klassis Contracta by die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid by. As gemeente bid ons ds. Hendrik en Ernia die seën van die Here toe in hulle nuwe bedieningsveld in GK Groblersdal.

ATTESTATE

Attestaat ontvang:
Ons verwelkom graag **Martie van der Berg** 083 494 2071 in ons midde. Martie sluit met attestaat aan vanaf die Gereformeerde Kerk Boshof. Sy en haar dogter Susan (wat ook lidmaat van die gemeente is) woon in Susannalaan 6.

LIDMAATSKAP BEËINDIG:

Gedurende Desember 2024 het **Jeanette Fourie** na haar dogter Cecilia in Melkbosstrand verhuis en ons het ’n reisattestaat aan Jeanette gegee. Sy het intussen – omdat daar nie ’n Gereformeerde Kerk naby is nie – by die Hervormde Kerk Kaapstad aangesluit. Dié het ’n bedieningspunt in Melkbosstrand. ’n Getuienis van Jeanette se lidmaatskap is na die Hervormde Kerk daar afgegee.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	12/01	**Willem Serfontein (82),** 082 458 2612. Wyk 13.
Sa	17/01	**Banie Nortjé,** 072 874 0351. Wyk 2

VAN ONS SUSTERS

SUSTERSBESTUURVERKIESING

Ons sal ’n bestuursverkiesing moet hou!
Vier lede van die bestuur wil na jare se diens, bietjie uitspan. Hulle is Nelly van der Spoel, Voorsitter, Leana Mostert, Tesourier, Dina Coetsee, sekretaresse en Jana van Ryssen, addisionele lid.
Elsa Reinecke, Marli Nortjé, Yolandé van Dyk en Alta Pretorius is nog bereid om aan te gaan. Ons vra dus vir nominasies om die bestuur weer volledig te maak. Jy kan gerus jouself ook aanmeld. As die suster tevrede is om genomineer te word, stuur gerus haar naam vir my, Alta by 083 361 2490 (waarnemende voorsitter) voor Donderdag, 16 Januarie. Die nominasies sal dan in die volgende Kerkwerf bekend gemaak word en dan hou ons DV op Sondag, 26 Januarie, by die kerk die verkiesing.
Ek hoor graag van jou!
Groete
Alta

PASTORALE BERADINGSKURSUS

WOEDE AS ’N DESTRUKTIEWE MAG – PASTORALE PERSPEKTIEWE

Dinsdag 4 Februarie 2025 - Zoom aanbieding. Prof Wentzel Coetzer
Koste: R275 pp **Kursus oop vir almal**
Datum: Dinsdag 4 Februarie 2025. **Tyd:** 09.00 – 13.00
Akkreditering: 5x VBO punte – 5x CPSC punte – 5x AFM PCD punte
Handboek te koop (opsioneel): R370 (R250 plus R120 koerier koste)
Navrae: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
Volg die kursus op ’n later datum: Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ’n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.
Om te bespreek vir die kursus: U kan op die volgende skakel klik vir registrasie: https://forms.gle/2GoE56NrEwsGWvyN6